HOUTBEWERKING SG

ALGEMEEN:

Leerkragte word versoek om reeds vanaf graad 10 voorbereide antwoordblaaie in die eksamens te gebruik.

Byskrifte moet bestaan uit die naam en die afmetings wat tussen gidslyne en in hoofletters geskryf word. Kandidate moet hiervoor 'n skerp potlood en nie 'n pen nie, gebruik.

Vraag 1 kan met 'n pen beantwoord word, maar alle tekeninge en byskrifte MOET in potlood wees.
Slegs die gegewe, voorbereide antwoordblaaie mag gebruik word. Geen ekstra papier of tekenblaaie mag aan kandidate gegee word nie. Sommige sentrums het steeds departementele antwoordboeke vir die beantwoording van vraag 1aan kandidate gegee terwyl daar genoeg ruimte daarvoor op die antwoordblaaie gelaat is.

VRAAG 1
Oor die algemeen is hierdie vraag goed beantwoord, maar sommige kandidate kon nie die twee tekeninge identifiseer nie en kon gevolglik nie die vrae beantwoord nie. Meer aandag sal gegee moet word aan die basiese terminologie wat in die vak gebruik word.
VRAAG 2
Alhoewel sommige kandidate uitstekende antwoorde gegee het, het die oorgrote meerderheid min of geen begrip getoon van wat verlang is nie. Hulle het nie geweet wat verloopstyl was nie en kon nie die paneelruiterlyste teken nie. Meer aandag sal aan vooraansigte gegee moet word.
VRAAG 3
Die antwoorde op hierdie vraag het gewissel van baie goed tot baie swak, afhangende van kandidate se insig. Daar is van hulle verwag om bewus te wees daarvan dat die onderdele los van mekaar was. Slegs die onderdele wat gesny is, is getoon, maar die raamstyl en die kosynstyl is nie getoon nie.
VRAAG 4.1
Hierdie vraag is redelik goed beantwoord, maar sommige kandidate het dit nie verstaan nie of was nie bekend daarmee nie.
VRAAG 4.2
Hierdie vraag is met gemengde welslae aangedurf. In baie gevalle het insig ontbreek en kandidate het nie geweet hoe die onderskeie onderdele inmekaar pas nie.
VRAAG 5.1
Hierdie vraag is redelik goed beantwoord.
VRAAG 5.2
Die ontwerp van die tafel, asook die aanhegting van die pote, het aan kandidate 'n moeilike tyd besorg. Dit het voorgekom asof die gedeelte van die sillabus wat oor meubels handel, afgeskeep is.
VRAAG 6
Sommige kandidate het goeie tekeninge gemaak, maar die oorgrote meerderheid wat wel die vraag aangepak het, het min insig getoon. Dit het geblyk dat te min tyd aan hierdie afdeling van die werk bestee is.

WOODWORKING SG

GENERAL :

Teachers are requested to make use of prepared answer sheets in examinations from Grade 10 onwards.
Labels must consist of the name and dimensions written between two guide lines in capital letters.
Candidates must use a sharp pencil and not a pen for this purpose

Question 1 may be answered in ink. However, all drawings MUST be done in pencil.
Only the given, prepared answer sheets may be used. No extra paper or drawing sheets may be supplied. Some centres still provided candidates with Departmental answer books for the answering of Question 1, even though space was provided on the answer sheets.

QUESTION 1
In general, this question was answered well, but some candidates had a problem identifying the two drawings and therefore could not answer the questions. More time must be spent on the basic terminology used in the subject.
QUESTION 2
Although some candidates gave excellent answers, the majority showed a lack of insight. They did not know what a diminished stile was and could not draw the bolection moulds. More time must be spent on front views.
QUESTION 3
The answers to this question ranged from good to very poor, depending on candidates' insight. They were expected to be aware of the fact that the parts were apart from one another. Only the parts that were sectioned were shown, but the frame stile and sash stile were not.
QUESTION 4.1
This question was answered fairly well, although some candidates showed a lack of understanding or were not familiar with it.
QUESTION 4.2
This question was answered with mixed success. In most cases insight was lacking and candidates did not know how the different components had to fit together.
QUESTION 5.1
This question was answered well.
QUESTION 5.2
The design of the table and joining the legs to the pillar gave most of the candidates a difficult time.
It appears that the section of the syllabus dealing with furniture was not taken at all seriously.
QUESTION 6
Some candidates made good drawings, but the majority of the candidates who attempted the question showed little insight. Too little time appeared to have been spent on this section of the work.